



Avian Demography Unit

Department of Statistical Sciences
University of Cape Town
Rondebosch 7701 South Africa
Tel: (021) 650-4239/2423
Faks: (021) 650-3434
E-pos: donella@adu.uct.ac.za



BirdLife
SOUTH AFRICA



GEKOÖRDINEERDE PADTELLINGS VAN VOËLS COORDINATED AVIFAUNAL ROADCOUNTS (CAR)

INLIGTINGSBLAD NO. 4

Desember 2004

HOE OM DIE PADTELLINGSVORM IN TE VUL

Teken elke keer die volgende besonderhede aan wanneer 'n voël waargeneem word, asook by elke 2-km stilhouplek as voëls gesien word. (Sien Inligtingsblad No. 1 vir ander belangrike besonderhede i.s. CAR tellings.)

1. KM-LESING: Gebruik die motor se ritmeter. Stel asseblief die ritmeter op 0 by die beginpunt van die telling.

Terugritte en ompaaie: Gebruik 'n lyn op die padtellingvorm om die km-lesing aan die begin en einde van elke ompad of terugrit aan te teken, bv. 'Ompad van 10 km tot 20 km'. Gaan dan voort met u roete sonder om die ritmeter te verstel. Dit word gedoen sodat die km-lesing aangepas kan word vir die datavaslegging (sien Inligtingsblad No. 1 vir verdere besonderhede).

2. VOËLSPESIES: Alle kraanvoëls, alle poue, alle korhane, alle ooievaars (veral Wit-), Bromvoëls, Sekretarisvoëls, Kalkoenibisse, Swartkopreiers, Wildemakoue, en enige ander soorte wat as belangrik in die spesifieke gebied geïdentifiseer is. Gebruik die afkortings vir die verskillende spesies wat op die padtellingvorm gegee word.

3. AANTAL: Die aantal voëls wat waargeneem word. Kraanvoëls, veldpoue en ooievaars kom dikwels in wydverspreide groepe voor. Kyk dus goed in alle rigtings rond om seker te maak dat alle voëls wat in die gebied teenwoordig is, getel word. Voëls naby die pad of ver van die pad word almal op dieselfde manier getel.

Ouderdomsklasse: Veral in die geval van kraanvoëls moet daar asseblief besluit word of dit volwasse voëls (Volw.), jong voëls (Onvolw.) of kuikens is. Noteer die aantal van elke ouderdomsgroep in die afsonderlike kolom. In die geval van Bloukraanvoëls: volwasse voëls het 'n lang stert, jong voëls het 'n kort stert en kuikens is donsig. By Mahemme het jong voëls 'n korter kuif en geen nekkelle nie, terwyl jong voëls by Lelkrane 'n wit kroon het en die lelle kleiner is as by volwasse voëls. Hierdie ouderdomsgroepe moet soveel as moontlik gebruik word vir al die voëlsoorte, maar as u nie tussen die ouderdomsklasse kan onderskei nie, noteer net die totale aantal voëls in die eerste kolom (Volw.). Oor die algemeen word 'kuikens' gedefinieer as donsig, en jong voëls is jong geveerde voëls wat merkbaar kleiner is as volwasse voëls en/of wat onvolwasse veerpatrone vertoon.

4. HABITAT: Teken die habitat aan wat deur **alle** voëls benut word. Dit kan gebeur dat enkele voëls van 'n wydverspreide groep in verskillende habitatstipes teenwoordig is. **Tel die aantal voëls in elke habitatstipe afsonderlik en teken elke groep op 'n nuwe lyn op die vorm aan, met dieselfde ritmeterlesing vir elke lyn.** Dit sal bydra om die habitatbenutting akkuraat te kan bepaal.

Daar is **tien** hoofkategorieë vir habitat:

- kaal:** onlangs geploegde landerye waar gewasse nog nie opkom nie. (Verkort na 'kaal'.)
- gewasse:** landerye met groeiende gewasse, bv. mielies, koring, hawer, ens. (Verkort na: 'gewasse'.) Indien u die gewas kan uitken, gebruik hierdie onderafdelings:
 - graangewasse:** bv. koring, mielies, hawer, rog en gars. (Verkort na 'graan'.)
 - nie-graangewasse:** bossie-agtige gewasse soos lupienes, canola, en groentes (Verkort na 'nie-graan'.)
 - boorde:** vrugteboorde, wingerde, rooibos, turksvy, protea aanplantings en enige ander gewasse waar die gewas hoër en/of meer houtagtig is as ander nie-graangewasse. (Verkort na 'boorde'.)
 - bosbou plantasies:** aangeplante bome soos bv. dennebome, bloekombome en wattels. (Verkort na 'plantasie'.)

N.B. Noem asseblief die tipe gewas as u weet wat dit is, soos volg: bv.: 'graan – koring'.

- stoppels:** landerye waar graangewasse gesny of ge-oes is en wat gekenmerk word deur dik, gesnyde, droë stoppels. (Verkort na: 'stoppels'.)
- aangeplante weidings:** landerye met breëblaar weidings (bv. lusern, klawer, ens.) of 'onnatuurlike' grasveld wat spesifiek vir beweidings aangeplant is. **Let asseblief daarop:** natuurlike grasveld of oorblyfsels van 'n verboude gewas is nie aangeplante weiding nie. Aangeplante weidings is meestal 'n monokultuur met een soort plant en vertoon dikwels geil. Natuurlike grasveld, daarenteen, het 'n verskeidenheid plantsoorte. (Verkort na: 'weiding'.)



- e) **gesnyde weiding:** landerye of veld wat gewoonlik groen is met gesnyde gras of lusern, wat nog op die grond kan lê of wat gebaal en verwyder kan wees. Dit is duidelik gras en nie 'n graangewas nie en is duidelik gesny. **Let asseblief daarop:** hierdie kategorie is gewoonlik slegs in die grasveldbloom van toepassing. (Verkort na: **'gesny'**.)
- f) **natuurlike plantegroei/veld:** sluit alle tipes inheemse plantegroei in, bv. natuurlike grasveld (van toepassing op die grasveldbloom, bv. dele van die Vrystaat, KwaZulu-Natal), natuurlike fynbos/renosterveld (van toepassing op die Suidwes-Kaap) en natuurlike Karoo-veld. (Verkort na: **'veld'**)
- g) **gebrande grasveld:** is grasveld wat onlangs afgebrand het en nog swart is. (Verkort na: **'brand'**.)
- h) **braakland:** landerye wat nie aktief bewerk word nie, maar wat in die verlede geploeg is. Onkruid en pioniersoorte van inheemse plantegroei kan opvallend wees. Indien die land vir 'n jaar of twee braak gelê het, is daar dalk min oorblyfsels van stoppels te sien. Hierdie kategorie verskil van natuurlike plantegroei deurdat daar nie dieselfde diversiteit van inheemse plante is nie, die struktuur van die plantegroei is duidelik nie dieselfde as ongeploegde veld nie, en tekens van vorige bewerking is sigbaar (bv. afloop-lyne, ploegvore, hopies klip). Braakland kan ook gebruik word vir beweiding, maar verskil van natuurlike veld soos hierbo aangedui. (Verkort na: **'braakland'**.)
- i) **vleiland:** sluit damme, panne, riviere en vleie in, sowel as 'n seisoenale 'droë' vleiland. (Verkort na: **'vleiland'**.)
- j) **onbepaalbaar:** Wanneer 'n voël vlieg, word **'onbepaalbaar'** vir habitat gekies. As 'n voël egter opvlieg omrede dit versteur is, of praal, teken dan die tipe habitat aan vanwaar dit opgestyg het.
- k) **ander:** enige habitat wat nie in enige van die bogenoemde kategorieë pas nie. Beskryf dit asseblief.

5. TERSAAKLIKE EIENSKAPPE NABY: Hierdie kolom word gebruik om bykomende inligting oor die habitat te verskaf. Voëls kan in 'n habitat voorkom as gevolg van die beskikbaarheid van kos of water, of as gevolg van ander kenmerke van die habitat. Met die term "naby" word binne 100 m bedoel. U hoef nie hierdie kolom vir elke waarneming in te vul nie; slegs indien u dink dat 'n bykomende kenmerk die voël gelok het. Indien 'n voël in 'n landbou habitat of vleiland teenwoordig is, maar ook binne 100 m van inheemse plantegroei is, skryf **'veld'** in hierdie kolom.

N.B. Die volgende kolomme hoef slegs ingevul te word vir die drie kraanvoëlsoorte, nl. die Bloukraanvoël, die Mahem en die Lelkraanvoël, asook die drie groot pousoorte, nl. die Veldpou, die Gompou en die Ludwige pou.

6. AKTIWITEIT: Teken die aktiwiteit aan waarmee die voëls besig is tydens die waarneming. Gebruik die volgende kategorieë:


- a) **onaktief:** bv. staan, vere uitstryk, luier, ens.;
- b) **voed:** d.w.s. voed aktief of stap rond op soek na kos;
- c) **vlieg:** d.w.s. is in vlug;
- d) **broei:** d.w.s. paring, broei, ens. Moenie enige voël wat broei versteur nie.
- e) **praal:** d.w.s. pralende of dansende voëls (moenie hierdie aktiwiteite by broei aktiwiteite insluit nie).

Gewoonlik is al die lede van 'n groep met dieselfde aktiwiteit besig, maar as dit nie die geval is nie, skryf al die aktiwiteite wat uitgevoer word in dieselfde blok neer. Dit is nie nodig om te tel hoeveel met elke aktiwiteit besig is nie.

7. KANT VAN DIE PAD: Skryf asseblief altyd **L** of **R** in die kolom om aan te dui of die voëls aan die linker- of regterkant van die pad waargeneem is. Sommige plase strek aan beide kante van die pad, en in sommige gebiede is daar nie plaasnommers nie. Hierdie inligting help dus om die lokaliteit van die waarneming beter te bepaal. **Let asseblief daarop: roetes moet altyd in dieselfde rigting gery word.**

8. PLAASNOMMERS: Gebruik u 1:250 000 topo-kadastrale kaart om die nommer van die plaas te vind waarop die voëls opgemerk word. Om dit te doen, werk uit waar op u roetekaart u is deur die afstand wat u afgelê het en die skaal wat voorsien word, te gebruik (let daarop 2 cm = 5 km). Dit kan nuttig wees as u 'n stuk lyn elke 2 cm afmerk (d.i. 5 km) en dit gebruik om uit te werk hoe ver u langs u roete op 'n 1:250 000 kaart gevorder het om gevolglik u posisie en die plaasnommer te kan bepaal. Die plaasnommer verskyn dikwels by die plaasnaam op die kaart, maar soms is daar net 'n nommer. **Moet asseblief NIE terugritte onderneem om die plaasnaam te vind nie.** Die plaasnaam op die hekke verskil dikwels van die naam op die kaart en hulle verander voortdurend, terwyl dié op die kaart nie verander nie!

Let asseblief daarop: Daar is nommers op die kaart met 'n kolletjie langs; dit is lokale hoogtes en nie plaasnommers nie. Daar is ook nommers met 'n driehoek langs; dit is trigonometriese bakens en nie plaasnommers nie. In sommige streke is daar gemeenskapsgrond waar geen plaasgrense of nommers aangedui word nie; laat in sulke gevalle die kolom oop. Die voorbeeld langs behoort te help om die regte nommers te vind.



KLEURRINGE: Vir Bloukraanvoëls wat met kleurringe gemerk is, skryf asseblief die volgorde van die ringe neer van bo na onder (bv. rooi bokant groen) asook die km-lesing in die ruimte wat voorsien is. **Let asseblief daarop:** die regter- en linkerbeen van die voël word bepaal asof u die kraanvoël is.

Baie dankie vir u tyd en moeite met die telling en u bydrae tot hierdie projek!

James Harrison en Donella Young
Projekbestuurder en Projek-koördineerder